

## TEKS 1

## Kunstenaarsoog: Kuns in 'n neutedop

### GAAN NA DIE (SKAAL)DIER EN WORD WYS

deur Johan Myburg

1. Kluisenaarskrappe is voortdurend aan die soek vir ander en soms beter blyplekke. Omdat dié krappe nie doppe het wat verhard nie, skuil hulle in leë slakskulpe – waarvoor dié krappe se lyf aangepas is. Die lang buikgedeelte krul gemaklik in die spiraal van die skulp op.
2. **Namate die krap groei, moet 'n groter blyplek gesoek word.** Wyfies wat eiers lê, het dus meer ruimte nodig.
3. Dit dan kortliks die biologiese kant van dié rubriek.
4. Metafories gesien is dié krappe dalk nog interessanter. Die vryheid wat hulle het om telkens 'n nuwe blyplek aan te skaf, stel dié skaaldiere in staat om aan hul identiteit te torring. En boonop raket hulle ook aspekte van emigrasie en vlugtelingstatus op. Alles kwessies wat in die hedendaagse visuele kunste belangrik én gesog is.
5. Met haar kunsprojek *Why not hand over a "shelter" to hermit crabs?* (2009) het die Japanse kunstenaar Aki Inomata die aandag van die wêreld én dié van 'n paar bevoorregte kluisenaarskrappe aangegryp.
6. Sy ontwerp draagbare, deursigtige huurhuise, in verskillende groottes en boustyle, vir dié krappe.
7. Die Japannese term vir die kluisenaarskrap is "yadokan", die woord wat ook gebruik word vir iemand wat 'n huis huur. Dit is dié betekenisgelaagdheid wat Inomata geprikkel het.
8. Sy het die natuurlike vorm van die skulpe wat dié krappe verkies, bestudeer en met soortgelyke ontwerpe vorendag gekom: gedruk met 'n 3D-drukker ... en met argitektoniese strukture van oral in die wêreld as deel van die skulp.
9. "Die skuilings wat ek gemaak het," sê die 34-jarige Inomata, "verteenwoordig stede wêreldwyd. As 'n krap een skuiling vir 'n ander verruil, steek hy as 't ware internasionale grense oor."
10. Die gedagte vir die projek het gekom terwyl Inomata, 'n kunstenaar wat in Tokio woon en werk en ook daar kuns bestudeer het, besig was om vir 'n uitstalling by die Franse ambassade in Japan in 2009 voor te berei. Die grond waarop die ambassadegebou staan, was tot in 2009 in Franse besit totdat die Franse die grond aan Japan gegee het – vir 50 jaar – waarna dit weer Franse eiendom word.
11. Dit was die veranderende aard van identiteit soos dit in bogenoemde gegewe gestalte kry, wat haar aan die gang gesit het en 'n middel vir kommentaar op eienaarskap, nasionaliteit en migrasie in 'n toenemend globaliserende wêreld geword het.
12. Van die skuilings wat sy maak, strek van weergawes van die wolkekrabbers van New York tot windmeulens van die Zaanse Schans in Nederland.
13. Inomata het geen planne vir massaproduksie van dié krapskuilings nie. Sy het destyds 'n beperkte oplaag daarvan vertoon en in die Ai Kowada-galery in Tokio verkoop.

14. In 2014 het Inomata 'n video-installasiewerk gemaak wat sy *I wear the dog's hair, and the dog wears my hair* noem. Vir dié werk het sy vir haar 'n mantel van hondehaar gemaak en vir haar hond, Cielo, een van haar eie hare. Op dié manier sou sy en haar hond "jasse kon ruil" en kon sy die verhouding tussen mens en troeteldier in die kollig stel.
15. Maar, belangriker vir Inomata, wil sy met dié werk die aandag op die mens se verknoeiing van die natuurlike ekologie vestig deur diere by sý behoeftes en willekeur te laat aanpas. "Die konsep agter my werk is om mense sover te kry om weer te besin en respek te kry vir die verskillende vorms wat lewe by verskillende lewende wesens aanneem," sê sy.

[Bron: Myburg, J. 2017. Kunstenaarsoog: Kuns in 'n neutedop: Gaan na die (skaal)dier en word wys.  
In: *Vrouekeur*, 24 November 2017: 40.]

## TEKS 2

**[XXX – OPSKRIF – XXX]***Lori Farr*

1. STELLENBOSCH. – Die vermaarde Britse skrywer Tom Michell tree vanjaar tydens die Stellenbosse Boekeweek op. Hy sal oor sy boek *The penguin lessons* (Penguin, 2015) gesels.
2. **Michell is 73 jaar oud. Hy het in die suide van Engeland grootgeword.** Tydens die 1970's het hy in Argentinië skoolgehou. Vandaar is hy eenkeer met vakansie na Uruguay.
3. Op die laaste aand het hy langs die strand gaan stap. Hy het derduisende dooie pikkewyne gesien. Hulle was die slagoffers van oliebesoedeling.
4. Michell het een lewendige pikkewyn teengekom, dit na sy gehuurde woonstel geneem en skoongemaak. Sy pogings om die voël weer in die see vry te laat, was egter tevergeefs: die pikkewyn het hom bly volg en Michell het hom die naam José Salvado gegee.
5. Ten einde raad het Michell die pikkewyn teruggeneem na sy skool in Argentinië. Hy het wonder bo wonder daarin geslaag om dit by die doeanes verby te smokkel. By die skool was die pikkewyn gewild onder Michell se kollegas en studente en het vir 'n hele tyd daar gebly.
6. Sy debuutboek, wat oor hierdie ervaring handel, is wêreldwyd uitgegee en in verskeie tale vertaal.
7. Dave Pepler, bekende natuurkundige, sal Michell by die Boekeweek oor die lesse wat hy en sy studente uit hierdie ervaring geleer het, uitdra.
8. Benewens skrywer is Michell ook amateurskilder met 'n besondere belangstelling daarin dat mense 'n volhoubare lewe op die aarde moet voer. Hy is getroud en het vier kinders en drie kleinkinders.
9. Michell se teenwoordigheid is met die vriendelike samewerking en finansiële bystand van die uitgewers Penguin Random House (Suid-Afrika) en die Britse ambassade gereël.
10. Die gesprek tussen Michell en Pepler vind op Maandag 5 Maart 2018 om 18:00 in die auditorium van die universiteitsbiblioteek plaas.

[Verwerk uit: Farr, L. 2018. (Koerantartikel). In: *Stellenbosch Nuus/News*, 5 Januarie 2018.]

**TEKS 3****Literêre kritiek**

*Willie Burger* kyk hoe 'n boek geresenseer word.

'n Resensent moet 'n waarde-oordeel, wat byna altyd op vergelyking berus, uitspreek. Die resensent plaas die teks dus in verhouding tot iets anders en "meet" dit daaraan.

**Argumente wat die boek aan die "werklikheid" meet**

Ons lees dikwels opmerkings soos: "Die boek is so realities", of "Dit is nie hoe mense werklik optree nie". Hierdie oordele veronderstel dat 'n literêre teks die werklikheid moet uitbeeld. Natuurlik hang dit af van die "werklikheid" waarmee die boek vergelyk word – dikwels hou resensente 'n ideale werklikheid voor, soos dat Afrikaanse mense almal ordentlik leef; as hulle dalk armoedig of immoreel voorgestel word, is die boek dus swak.

Soms word die boek as goed beskou omdat dit so by die politieke of ekologiese situasies van die dag betrokke is. Hieragter skuil dikwels morele redenasies: die boek is goed wanneer dit by die resensent se waardes of opvattinge oor die werklikheid aansluit, en swak as dit daarvan verskil.

**Argumente wat die boek met die leser vergelyk**

Baie argumente fokus op die emosionele effek van die teks op die leser, aangetoon deur stellings dat die werk "boeiend" of "ontstellend" is, of dat dit die leser "koud laat". Ook identifiseringsargumente word gebruik: die boek is goed as die leser met

die karakters of omstandighede kan identifiseer. 'n Resensent kan ook oordeel dat die boek leersaam is, want dit bied vir die leser baie inligting of idees.

**Argumente wat die boek met ander boeke vergelyk**

'n Boek se waarde word bepaal in vergelyking met ander boeke. Dit kan boeke van dieselfde outeur wees (is dit sy beste boek?) of binne 'n genre (is dit 'n uitstekende liefdesverhaal?). Soms word tekste ook vergelyk in terme van oorspronklikheid: Lewer hierdie werk iets nuuts? Bring dit vernuwende tegnieke of insigte teweeg?

**Argumente wat die boek "aan homself" meet**

Argumente wat die teks slegs in terme van die teks self beoordeel, fokus op die "eenheid" van die teks en wys gewoonlik daarop dat alles in die teks naatloos tot 'n geheel saamgevoeg word en dat elke element (van klank en taal tot tegnieke en inhoud) geïntegreer is.

'n Knap resensent benut verskillende argumente en berus sy waarde-oordeel nie slegs op een idee oor die boek nie.

[Verwerk uit: Burger, W. 2017. Literêre kritiek (deel 2). In: *Vrouekeur*, 24 November 2017: 44]

**TEKS 4****Lady Anne by die mikroolfoond***Antjie Krog*

o my susters in kombi's en stasiewaens met stylvolle donkerbrille en hare teen die grys getint liggame wat soggens in fleurige leotards <sup>1</sup> jog en gym en joga verbete klou aan soepelheid en Pil	1     5
soos ons by mekaar op oorbrûe verbyjaag in stofwolke stop langs sportvelde aandagtig sit en tydhou voor musiekkamers mekaar aan die huil bid op Bybelstudies wonder ek: van watter breed is ons?	10
in die meedoënlose metodiek van beplanning herken ek die waansin van wa-pak die drif waarmee kinders gedryf word tot uithaal en byhou ruik na kamp en kroep	
soos ons op sandersonlinne sit en aai en paai en die mans by ingeboude kroëë druk drink en desperaat praat oor naai weet ons ons is die laaste die laaste wat kinders teer laat verblond op melk en heuning ons is die laaste	15
agter ons onder ons langs ons stort met sagte geluid van as strukture wat ons soort in stand hou in hulle maai.	20

[Bron: Brink, A. P. 2008. *Groot verseboek (deel twee)*. Kaapstad: Tafelberg]

---

<sup>1</sup> wat pas by die voetlose tights, wat pas by die leg warmers, wat pas by die polsband, die kopband

**TEKS 5****Marilyn Monroe: foto in rou***Joan Hambidge*

Beskeie waag ek vanaand 'n gedig oor jou Nee eintlik vir jou	1
ek wou begin: die argetipiese seksgodin wat ander voor en na leespoog weg laat kyk	5
besluit: té dramaties gewigtig lomp ensovoort	10
my onvermoë word nou net 'n oomblik lank opgehef	
wanneer ek met 'n skok Bert Stern se L.A.-foto sien	15
dat toeval hier net toevallig was, glo ek nie Marilyn Monroe in rou!	
net die skouers wys effe lyf (verder niks) soos ons gewoon was	20
jou kop skalks weg áfgedraai jou hand voor jou mond asof jy stil waarsku: ek word nie meer gebruik	25
jou linkeroog bot toe selfs die wimpers glimmend swart dan: die immer wit gebleikte hare	
O altyd witter ja witter as sneeu begin swart uitskif in jou sagte swanenek hiervolgens moes jy wel weet (kyk selfs die moesie wit) of was jy reeds tot-die-einde-toe	30
moeg? die dood is net 'n droom	35

[Bron: Brink, A. P. 2008. *Groot verseboek (deel drie)*. Kaapstad: Tafelberg]

**TEKS 6****Marilyn Monroe: foto in goud***Lina Spiess*

Die kleur van heuning en van hars, van seesand by 'n somersee: kartels ougoudse rooi streel à la Botticelli se Venus die slank nek.	1    5
Die badjas gee niks bloot wat dit bedek: daar is tinte branderblou waar die skuimwit handdoekstof oor hals en skouers vou en waar dit wegskuif is onopsigtelik die regterbors toevallig effens oop, 'n paar los hare vee tot teen die lagplooitjies om die linkeroog met sy helder, onbevange blik onder die breë wenkbrouboog.	10       15
Die hande palms op mekaar is soos van 'n kind wat inslaap die kenmerkende gebaar of soos vir handeklap gelig, die glimlag is skaars kyker- en kameragerig: "Dit is maar skyn dat ek poseer: mooi is ek – lewensbly en eg."	20
Oor jou, Marilyn, het ek nooit geswymel; as tiener jou nie in my sterboeke geplak, maar nou meteens deur dié een foto geraak, wil ek vir die duur van die gedig jou ook as ikoon vereer: laat digters vir wie jy muse en kultus is – wat met die dood flankeer, met slaappille speel en met die see – besef: voor die blond gebleikte prikkelpop – groot geverfde mond, <i>beauty spot</i> , pendun wenkbroue – was jy 'n goue meisie rossig in die son.	25       30

[Bron: Brink, A. P. 2008. *Groot verseboek (deel twee)*. Kaapstad: Tafelberg]

**TEKS 7****Hartomleiding***Naudé Kritzinger*

Dáár lê die dop van lyf:	1
--------------------------	---

'n hoofgereg langs geslypte silwer  
op 'n tafel uitgedek.

'n Drietandvurk steek stewig die ribbes van die brose borsie vas, die lem skei haar metodies oop tot by die binnegoed.	5
---	---

\*

Weer markeer die hart sy pas;  
sy sug nou sterker in haar lyf.

\*

'n Wit handskoen wys op prentjies hoe vloei die bloedrooi bloed. Sy knik maar net, gedagtes by die rose wat sy elke jaar voor winter snoei.	10
--	----

[Bron: Slippers, B. en Naudé, C. (samestellers). 2017.  
*Nuwe stemme 6*. Kaapstad: Tafelberg.]

**Woordverklaring:**

'n **Hartomleiding** is 'n "operasie waarby die bloedsomloop na die hart deur 'n alternatiewe gang gelei word" (HAT6: 424). Hierdie operasie word nodig omdat van die belangrike are om die hart verstop raak en bloed dus nie meer na die hartspier kan vloei nie. Indien die bloed nie betyds om die verstopping gelei kan word nie, sal die persoon sterf.



## TEKS 8

### ADVERTENSIE (EFEKTO-MIERGIF)



# Hou ongenooide gaste buite!

Moenie toelaat dat huis- en tuinplae oor neem nie. Die Efekto produkreeks bied effektiewe oplossings wat maklik is om te gebruik vir die doeltreffende beskerming van jou huis en tuin.

**ANT**  
'n Piretroïed insekoder as 'n emulgeerbare konsentraat vir die beheer van miere en huishoudelike insekte soos aangedui.

**Efekto**  
**ANT**  
Emulgeerbare Konsentraat Insektiside  
For the Control of Ants  
FOR CONTROL OF:  
Household Ants  
Garden Ants  
500 ml

Kliëntediens Tel 086 133 3586 | info@efekto.co.za | www.efekto.co.za  
Registrasie houer: Agro-Serve (Edms) Bpk, Reg. No. 1973/000868/07. Versprei deur: Efekto Care (Edms) Bpk, Reg. Nr. 2009/006357/07, Benmore, 2010. EFEKTO en de EFEKTO kenteken is die handelsmerk van Agro-Serve (Edms) Bpk. Alle regte voorbehou. Ant Reg. Nr. L8289 Aktiewe bestanddele Deltametriën (piretroïed) 10g/l (Skadelik); Piperoniel butoskied (sinergis), 40 g/l (Skadelik). Produk is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947.

**Efekto**  
Garden & Home Pest Control

[Bron: Efekto-miergifadvertensie. 2016. In: *Die tuinier*, November 2016.]

TEKS 9

SPOTPRENT



[Bron: Mouton, F. 2017. Verwarring na foute op dierekaarTE [spotprent]. In: *Die Burger*, 13 Mei 2017.]